

**Titel:** Huissake  
**Pastor:** Lucille May  
**Datum:** 14 November 2010  
**Tyd:** 09:00



### **Galasiërs 6:10**

<sup>10</sup> Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

### **Filippense 2:2-3, 4**

<sup>2</sup> maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.  
<sup>3</sup>Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.  
<sup>4</sup>Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

### **Genesis 14:18, 20b**

<sup>18</sup> Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring.  
<sup>20</sup> ...Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.

### **Levitikus 27:28, 30**

<sup>28</sup> Onthou ook verder dat iets wat as offergawe aan die Here gewy is, nie verkoop mag word nie en ook nie losgekoop mag word nie. Dit maak nie saak of dit 'n mens of 'n dier of 'n stuk erfgrond is nie, dit is heilig en behoort net aan die Here.  
<sup>30</sup> Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy.

### **II Samuel 24:24**

<sup>24</sup> Hierop het die koning vir Arauna gesê: “Nee, ek koop dit beslis van jou teen die volle prys. Ek bring nie aan die Here my God offerandes wat my niks kos nie.” Dawid het toe die dorsvloer en die beste vir sowat ses honderd gram silwer gekoop.

### **Nehemia 10:37-38**

<sup>37</sup> Ons sal die eerste deeg ná die oes, ons offergawes en die eersteling van alles wat ons bome oplewer, van ons wyn en olie, na die stoorkamers van die huis van ons God bring vir die priesters, en die tiendes van ons gesaaides vir die Leviëte. Die Leviëte sal tiendes ontvang uit al die stede waar ons werk. <sup>38</sup> 'n Priester uit die nageslag van Aäron sal die Leviëte bystaan wanneer hulle tiendes ontvang. Die Leviëte sal een tiende van die ingesamelde tiendes na die huis van ons God toe bring, na die stoorkamers.

### **II Kronieke 31:5, 12-14**

<sup>5</sup> Namate die bevel bekend geword het, het die Israeliete die eerste opbrengste aan koring, wyn, olie, heuning en alles wat die land opgelewer het, ingebring, en ook die tiendes van alles, in groot hoeveelhede.  
<sup>12</sup> Die offergawes, die tiendes en die gewyde gawes het getrou ingekom. Die Leviet Kenanja moes daaroor toesig hou, en sy ampsgenoot Simi was tweede in bevel. <sup>13</sup> Die amptenare tot beskikking van Kenanja en sy ampsgenoot Simi was Jegiël, Asasja, Nagat, Asael, Jerimot, Josabad, Eliël, Jismakja, Magat en Benaja. So het koning Hiskia en die hoof van die tempel, Asarja, dit gereël. <sup>14</sup> Die toesig oor die vrywillige gawes aan God en oor die uitdeling van die offergawes van die Here en van die besondere gewyde gawes was in die hande van die Leviet Kore seun van Jimna, die wag by die Oospoort.

### **Maleagi 3:3-4a**

<sup>3</sup>En Hy sal sit: ‘n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid ‘n offer sal bring. <sup>4</sup>Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees...

### **Maleagi 3:7b-12**

<sup>7</sup> Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige. Maar julle vra: “Waarom moet ons ons bekeer?” <sup>8</sup> Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: “Waarvan beroof

ons U?” Van tiendes en offergawes. <sup>9</sup> Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit. <sup>10</sup> Bring die volle tiende **na die storkamer toe** sodat daar iets te ete **in My huis** kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. <sup>11</sup> Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die Almagtige. <sup>12</sup> Dan sal al die nasies julle as geseënd beskou.

### **Handelinge 4:32-35**

<sup>32</sup> En die menigte van die wat gelowig geword het, was **een van hart en siel**, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad. <sup>33</sup> En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en **groot genade** was oor hulle almal. <sup>34</sup> Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprijs daarvan gebring <sup>35</sup> en vir die apostels gegee. Dié het dit dan **uitgedeel** volgens elkeen se behoefte.

### **Mattheus 5:21-22a**

<sup>21</sup> Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie,’ en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank, <sup>22</sup> Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank...

### **Mattheus 5:27-28**

<sup>27</sup> Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.’ <sup>28</sup> Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.

### **Handelinge 5:4**

<sup>4</sup> As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie **in jou beheer** nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.

### **Hebreërs 11:6**

Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.

### **Spreuke 3:9-10**

<sup>9</sup> Vereer die HERE uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; <sup>10</sup> dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.

### **Maleagi 3:3-4a**

<sup>3</sup>En Hy sal sit: ‘n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle **louter** soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid **‘n offer sal bring**. <sup>4</sup>Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees...